Brosjure / Pamflet / Strooibiljet

'n Brosjure is 'n klein blaadjie wat iets adverteer. Dit maak die leser lus om 'n plek te besoek of iets te koop. 'n Strooibiljet/pamflet en 'n brosjure word albei gebruik om iets te adverteer, maar 'n strooibiljet/pamflet fokus op prys en 'n brosjure verskaf meer inligting. 'n Brosjure word gewoonlik van duurder papier gemaak as 'n strooibiljet en het meer volkleur-foto's.

ONTHOU:

'n Brosjure is baie vollediger as 'n advertensie.

Jou brosjure moet interessant en prikkelend met baie foto's en/of illustrasies wees.

Jy moet die nodige inligting verskaf wat dit vir die voornemende kliënt makliker maak om die maatskappy te kontak, of die produk maklik te kan aanskaf.

Moenie in die eksamen te veel tyd gebruik vir die uitleg en versiering nie – die punte word toegeken vir die inhoud (die geskrewe deel).